

Die swakkes vind genade by die Here

Mense kyk op swakkeling neer. Iemand wat nie op sy eie bene kan staan nie, geniet geen aansien nie. Ons bewonder mense wat hul man kan staan.

Die Psalm leer ons egter die teendeel. Dit is nie die sterke wat God se genade ontvang nie, maar die swakke.

Dawid is dodelik siek. Hy is so siek dat sy vyande reeds oor sy dood praat. Hulle vryf hulle hande in leedvermaak, want as hy dood is kan sy naam maar verdwyn. Selfs sy boesemvriend het hom in die steek gelaat en besoek hom nie meer nie.

Met al hierdie dinge wat rondom sy siekte met hom gebeur, besef Dawid hoe swak hy is. Hy het nie meer krag om sy vyande tereg te wys nie. Hy het nie eers krag om op te staan nie. Maar wie sy eie swakheid besef, ervaar dat die Here die swakke bystaan en red. Wie dit besef, staan ook ander swakkes by. Daarom pleit Dawid met vrymoedigheid om die Here se genade ... net deur die genade van God kan hy nog lewe. Om dié rede bely hy ook sy sonde, al is hy onskuldig teenoor die mense wat sy lewe soek.

Iemand wat sy swakheid besef, is nie by die Here in die skande nie. Trouens, Christus het ter wille van ons swak geword. Hy is juis oor sy swakheid gehaat, want die mense het 'n sterk verlosser gesoek. In sy swakheid het Hy vir ons gely, in ons plek gesterf, en vir ons opgestaan uit die dood. Deur sy Gees staan Hy ons nou ook in ons swakheid by. Hy wek in ons nuwe lewenskrag wat nie aan menslike standaarde nie, maar aan God se standaarde voldoen. Die swakke vind opregte genade by die Here en deel dit met ander.

Sing: Psalm 41:1,2

Ds CCA Vrey (Oudtshoorn)